**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

1 Thessalonisense 5:12-23

**Fokus vers:**

1 Thessalonisense 5:18

**Tema:**

Dankbaarheid is God se wil vir ons in Christus

**Datum:**

01 Maart 2026

1. **<u>Inleiding</u>**

Broers en susters,

Laas week het ons die wonderlike voorreg gehad om ons eerste nagmaal van die jaar (2026) te vier. God het geweet dat ons geestelike rusplekke nodig het. Hy het geweet dat dit nodig is om ons te versterk in ons geloof, want hierdie lewe het baie uitdagings en swaarkry.

Daarom het die Here Jesus vir ons die nagmaal ingestel, sodat ons weer rus kan kry vir ons siele en versterk kan word vir die pad vorentoe. Vir gelowiges is nagmaal soos 'n oase vir 'n reisiger in die woestyn.

Nagmaal is terselfdertyd 'n **familie-ete**. Ons bely in Artikel 35 dat nagmaal vir ons gegee is, om **ons as huisgesin** te voed en onderhou. Wanneer ons aan die tafel kom sit, dan word ons weer herinner dat ons in Christus **broers en susters van mekaar** is. Ons is die huisgesin van God.

Maar geliefdes, ons het nie net die <u>voorreg</u> om deel te wees van God se huisgesin nie. Ons het ook die *<u>opdrag</u>* om *te lewe volgens die reëls* van die huisgesin. Daarom blaai ons vanmore na 1 Thessalonisense 5.

Kom ons kyk dan in die eerste plek wat ons oor God uit hierdie gedeelte leer.

2. **<u>Liggaam</u>**

**Agtergrond:**

In Handelinge 17 leer ons hoe die gemeente in Thessalonika gestig is. Paulus en sy reisgenote het die evangelie van Christus in die stad verkondig. Sommige van die Jode, ŉ groot aantal godvresende Grieke en vooraanstaande vroue het toe tot geloof gekom.

Kort nadat hulle tot geloof gekom het, het die gelowiges ernstige vervolging beleef (Hand. 17:5-9, 1 Thes. 2:2). Paulus sê in hoofstuk 1 (1 Thes. 1:6) dat hulle die evangelie aangeneem het in baie moeilike omstandighede. Na drie weke het die Jode vir Paulus en Silas uit die stad uitgedryf. Hulle het ook sommige van die gelowiges voor die stadsbestuur gesleep en valslik beskuldig.

Paulus was dus baie **besorgd** oor die gemeente. Hy moes vlug, maar het so gou as moontlik vir Timotheüs gestuur om hulle in die geloof te versterk en uit te vind hoe dit met hulle gaan. Toe Timotheüs weer met Paulus verenig is, vertel hy van die goeie nuus dat die gelowiges in Thessalonika vasstaan in geloof en liefde. Toe Paulus dit hoor, het hy weer moed geskep en hernude geesdrif gekry (3:6-8).

Hy skryf toe vir hulle hierdie brief om hulle **te bemoedig**, hulle meer **te leer** oor sekere sake en om hulle te leer **hoe om** as lede van God se huisgesin **te lewe**. Vanoggend se gedeelte fokus dan op die reëls en opdragte vir ons lewe as gemeente.

**2.1. God se wil in Christus:**

**Vers 18** se laaste gedeelte sê dat al hierdie opdragte: "*is wat God... van julle verwag.*" Die ou vertaling sê dat dit: "*die wil van God is...*" Hierdie opdragte is nie net vir ons goeie riglyne nie. Dit is nie net voorstelle nie. Dit is wat God **verwag** van ons, dit is sy **wil** vir ons lewe!

Daar is so baie mense wat worstel met die vraag: "*Wat is God se wil vir my lewe?*" En vers 18 gee ons die antwoord: "*Dit is wat God van julle verwag... Dit is God se wil oor julle.*"

Geliefdes, dit is vir ons ŉ groot troos. Ons hoef nie soos redelose diere rond te loop en te wonder wat God van ons verwag nie. Hy maak sy wil vir ons lewens bekend. Dit beteken nie

dat die Here vir ons *spesiale* en *presiese* antwoorde gee vir elke situasie nie. Tog is Hy ook nie stil nie. Hy gee sy Woord vir ons, sodat ons kan weet wat Hy verwag.

**In Christus:**

Maar geliefdes, kyk baie mooi. Vers 18 sê verder: "*Dit is God se wil vir ons... in Christus Jesus.*" Die dag wat God se Gees 'n ware geloof in ons harte bewerk het, was ons nuutgebore. Ons ou sondige mens het saam met Christus **gesterf**, en is *in Christus Jesus* **begrawe in die dood**.

Ons is egter ook *in Christus Jesus* **opgewek** tot 'n *nuwe lewe*. God gee ons heel eerste *in Christus* die *ware* en *ewige lewe*. Juis daarin leer ons wat sy **wil** vir ons lewens is. Christus het vir ons sy lewe afgelê, sodat ons ons nuwe lewe kan inrig volgens God se wil. God gee eers, dan vra Hy.

### 2.2. Volgens God se karakter:

Dit bring ons by vers 23, waar ons God se hart leer ken. God se **verwagting** en **wil** vir ons *in Christus* is om meer soos Jesus te word. Sy verwagting en wil is dat ons Hom meer sal verteenwoordig.

**Vrede:**

Vers 23 sê dat die Here, "*die God van die vrede*" is. Die wêreld is vol sonde en gebrokenheid, gevolglik is daar oorloë, vyandskap, afguns, haat, jaloesie, verdeeldheid en dergelike dinge. Ons beleef dit nie net in die wêreld nie, maar in ons eie gesinne en in die huisgesin van God.

Maar ons aanbid en dien 'die God van die vrede.' Ons geloof is gebou op die evangelie van God se vrede (Rom. 10:15), en Christus is self ons vrede (Ef. 2:14). "*Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede*" (Rom. 8:6-7).

Geliefdes, die opdragte in hoofstuk 5 het dus hierdie heerlike doel voor oë – vrede in die huisgesin van God. So kry ons ook die opdrag aan die einde van vers 13: "*Leef in vrede met mekaar.*"

**Heilig en onberispelik:**

Maar daarmee saam is Paulus se gebed in vers 23 dat God die gelowiges: "*volkome **heilig** sal maak*" en dat hulle "*gees, siel en liggaam geheel en al **onberispelik** bewaar sal word.*"

Twee woorde moet vir ons uitspring:

**Eerstens:** God se wil is dat ons **heilig** moet lewe (1 Thes. 4:2 & 7). Soos ons ook elders (1 Pet.1:14-15) lees: "*As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.*"

**Tweedens:** God se wil is dat ons onberispelik moet wees. In Christus is daar geen sonde en geen gebrek nie. Paulus sê in Efesiërs dat God ons *in Christus* uitverkies het om heilig en **onberispelik** voor Hom te wees, selfs nog voordat die wêreld geskep is (Ef. 1:4).

Kom ons vat vir 'n oomblik saam.

Ons God is die lewende en ware God (1:9). In Christus ontvang ons ook die nuwe en ewige lewe. Nou moet ons lewe as mense wat na die beeld van God geskep is. As dienaars van die God wat vrede gee, moet ons in vrede leef as huisgesin van God. As God se uitverkore kinders moet ons *heilig word en onberispelik lewe*.

### 2.3. Laaste opdragte:

Dit bring ons dan by ons laaste gedagte. Vir ons om te streef na vrede, heiligmaking en ŉ onberispelike lewe, gee Paulus praktiese opdragte vir gemeentelewe. Dit staan ook bekend as huistafels of huisreëls. Die opdragte kan ons in vier dele opdeel:

1. **Gelowiges teenoor die voorgangers (12-13):**

Die eerste opdragte in vers 12-13, fokus op die *voorgangers in die gemeente.* Voorgangers verwys na die ouderlinge.

Ouderlinge is herders wat God vir sy gemeente gee, ten spyte van kerkrade wat slegte besluite kan maak. Ten spyte van sekere ouderlinge wat nalaat om hulle take te doen of selfs vir ŉ tyd lank in sonde val. Ten spyte van menslike swakheid, glo ons dat Christus persone roep en aanstel tot die amp.

Hierdie ouderlinge kry ŉ wonderlike roeping, maar ook ŉ reuseverantwoordelikheid om hulle werk deeglik te verrig:

- Vers 12 sê dat dit mense is wat: "*hulself uitput met harde werk.*"
- Ouderlinge is egter ook *voorgangers* of *herders*. Hulle moet die kudde **beskerm** deur *vermaning* en **lei** deur *voorbeeld*.
    - Geliefde kerkraad, beskryf hierdie woorde jou? Is jy besig om met baie moeite, ywer en toewyding jou ampswerk te verrig? Lei en beskerm jy die mense wat Christus met sy bloed gekoop het as ŉ goeie voorganger? Is jou lewe ŉ goeie voorbeeld vir die mense?

Maar geliefdes, die opdrag is eintlik gerig op die gemeente. Vers 12 en 13 sê: "*Gee erkenning en bewys in liefde die hoogste agting vir die voorgangers.*" Doen dit want Christus stel hulle aan. Doen dit ter wille van hulle werk – om vrede te bring en ons te lei tot heiligheid.

Gaan dink die week bietjie oor hierdie opdrag... Hoe kan ons respek toon teenoor die ouderlinge in die gemeente? Wanneer laas het jy jou waardering uitgespreek teenoor jou ouderling vir elke besoek en gebed? Hoe kan ons verseker dat hulle hulle werk met vreugde doen (Heb. 13:17)?

2. **Gelowiges teenoor mekaar (14-15):**

Die tweede stel opdragte, in vers 14-15, handel oor ons verhouding en verpligting teenoor mekaar. Die Here gee aan ouderlinge 'n baie besondere en spesifieke amp. As dienende leiers moet hulle seker maak dat almal strewe na heiligmaking en vrede.

Maar die verantwoordelikheid rus nie **net** op die kerkraad nie. As lede van God se gesin is ons verantwoordbaar teenoor mekaar, en ons het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ons moet na die eis van elke omstandigheid **mekaar bystaan**.

Die wat onordelik lewe en die vrede ontwrig, moet ons vermaan. Die wat mismoedig is, moet ons moed in praat. Die wat fisies, emosioneel, finansieel of geestelik swak is, moet ons ondersteun. Ons moet die vrede bewaar deur seker te maak dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Elkeen van hierdie werkwoorde, vermaan, bemoedig, ondersteun dra die gedagte dat ons *langs mekaar staan* en *met mekaar praat*.

Kom ons dink weer prakties oor hierdie opdragte. God se wil vir ons lewe as gemeente is dat ons mekaar moet bystaan en met mekaar praat, elkeen na die eis van hulle omstandighede. Hierdie is nie ander se verantwoordelikheid nie, maar eerder almal s'n.

Maar, hoe kan ons dit doen as ons mekaar nie ken nie? Hoe kan ons saamstaan as ons nie bymekaarkom nie? Hoe kan ons elkeen in hulle omstandighede help as ons nie met mekaar praat nie? Daarom, maak moeite met mekaar: "*Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.*"

3. **In ons daaglikse lewe (16-18):**

Die derde stel opdragte, vers 16-18, fokus op die gelowige se daaglikse lewe. Drie opdragte: "Wees bly, bid, wees dankbaar..." Dit kan tog nie méér eenvoudig wees nie.

As ons waarlik besef wat ons in Christus gekry het, dan sal ons harte oorloop van vreugde en blydskap! As jy 'n ware geloof in God het, dan kan jy nie sonder gebed gaan nie, want dit is die asemhaling van 'n gelowige lewe. Wanneer ons waarlik die volle som van God se genade weer ervaar, dan sal ons ook dankbaar wees.

Kyk ook na die woorde wat saam met hierdie opdragte gaan: "*Wees **altyd** bly. Bid **gedurig**. Wees **in alles** dankbaar.*" Dit beteken nie dat ons nooit hartseer word nie. Dit beteken nie dat ons elke oomblik van die dag bid nie. Dit gaan oor 'n volhardende en toegewyde lewenstyl.

Om weer 'n praktiese gedagte te gee. Hierdie drie – blydskap, gebed en dankbaarheid, vul mekaar pragtig aan en werk mooi saam:

- 'n Dankbare hart gaan oor tot dankgebede en word gevul met blydskap.
- 'n Biddende siel is een wat blydskap beleef. Dit lei weer tot groot dankbaarheid!
    - Hoe meer ons groei in een van die deugde, hoe makliker en meer natuurlik volg die ander twee.

**4. Gesindheid teenoor prediking (19-22):**

Die laaste opdragte in vers 19-22 fokus op ons gesindheid teenoor die werk van die Gees in profesieë. Met profesie word daar nie bedoel voorspellings van die toekoms nie, maar "versterking, bemoediging en vertroosting," met die doel om die kerk op te bou in die geloof (1 Kor. 14:1-5, 12, 26).

Meestal behels hierdie profesie die uitleg en prediking van God se Woord. Ons moet dus nie die stem van die Heilige Gees ignoreer wanneer Hy met ons deur die Skrif praat nie. Ons doen dit op baie maniere:

- Byna niemand geniet dit om vermaan te word nie. Sommige mense dink mos die preek is net vir ander mense.
- Ander luister en hoor, maar verloën elke woord met hulle optrede wanneer hulle hier uitstap.
  - Wanneer ons die prediking van God se Woord oor ons koppe laat gaan, dan staan ons die werk van die Gees teen.

Maar dit gaan hier oor meer as Sondae se preek. As gelowiges wat God se Gees het, moet ons mekaar met raad, leiding en liefde uit die Skrif bystaan. Dikwels druk die Gees dit op ons harte om vir iemand iets te sê. In sulke tye moet ons nie sê: "*ag, wat weet hy/sy?*" nie.

Toets dit alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is.

Profesie is bedoel om ons te versterk, bemoedig en vertroos. Luister daarom na die stem van die Gees wanneer jou broer of suster in erns en opregtheid na jou toe kom.

5. **<u>Slot</u>**

Geliefdes, ek sluit af.

Die Here Jesus sê dat 'n boom aan sy vrugte geken sal word. So word 'n broer of suster van God se huisgesin ook deur hulle dade uitgeken.

Daarom moet ons met al ons krag streef om te lewe volgens God se wil. In ons gemeente doen baie dit alreeds, maar ek vra julle dan, broers en susters, lê julle nog meer daarop toe (4:1).

Lewer vrugte van vrede en streef om heilig en onberispelik te lewe.

Doen dit deur erkenning te gee aan jou voorgangers. Doen dit deur jou optrede teenoor jou broers en susters in die geloof. Lewer bewys van jou geloof deur elke dag te lewe met blydskap, biddend en dankbaar in Christus. Luister na die stem van God die Heilige Gees wanneer Hy met jou praat.

Want dit is die wil van die God wat vrede gee, vir ons lewens.

Amen